



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOMKAMPUS

TEOLOGIE



VOORGRAADSE EN NAGRAADSE PROGRAMME

# **JAARBOEK 2016**

FAKULTEIT TEOLOGIE  
VOORGRAADS & NAGRAADS

**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
Potchefstroom  
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

VERMELD U UNIVERSITEITSNOMMER IN ALLE KORRESPONDENSIE.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: <http://www.puk.ac.za/jaarboek/index.html>.

**Let Wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgename keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

# Inhoudsopgawe

<b>T.1</b>	<b>FAKULTEITSREËLS</b> .....	<b>8</b>
T.1.1	GESAG VAN DIE A-REËLS .....	8
T.1.2	FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS.....	8
T.1.3	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT .....	8
T.1.4	KAPASITEITSBEPALINGS.....	8
T.1.5	MODULES EN KREDIETE .....	8
T.1.6	DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR) EN HOËRONDERWYSKWALIFIKASIESUBRAAMWERK (HOKSR).....	8
T.1.7	KONTAKGELEENTHEDE .....	9
T.1.8	MINIMUM DEELNAME VAN STUDENTE AAN KONTAKSESSIES .....	9
T.1.9	ERKENNING VAN VORIGE LEER .....	9
T.1.10	REGISTRASIE.....	10
T.1.11	EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID .....	10
T.1.12	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES TOT BEPAALDE MODULES BUITE DIE FAKULTEIT TEOLOGIE.....	11
T.1.13	PREDIKANTSOPLEIDING GKSA .....	12
T.1.14	PASTOOR-OPLEIDING AGS .....	12
T.1.15	PREDIKANTSOPLEIDING ANDER DENOMINASIES.....	13
T.1.16	PRAKTIESE WERK.....	13
T.1.17	EVALUERING .....	13
T.1.18	SUID-AFRIKAANSE GEBARETAAL.....	14
T.1.19	OOPAFSTANDSLEER .....	15
T.1.20	EKSAMENSUBMINIMUM, VERHOUDING DEELNAMEPUNT : EKSAMENPUNT .....	16
T.1.21	SLAAG VAN 'N KURRIKULUM.....	19
T.1.22	OOPLEERSENTRA VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE .....	19
T.1.23	SAMEWERKINGSOOREENKOMSTE VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE .....	20
T.1.24	BESTUURSEENHEDE VAN DIE FAKULTEIT.....	21
T.1.25	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS .....	22
<b>T.2</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS THEOLOGIAE (BTH)</b> .....	<b>25</b>

T.2.1	NKR-VLAK, EN AANTAL KREDIETE OP DIE VERSKILLENDE VLAKKE .....	25
T.2.2	DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR).....	25
T.2.3	PROGRAM: CHRISTELIKE TEOLOGIE.....	25
T.2.4	TOELATINGSVEREISTES .....	25
T.2.5	ARTIKULASIE EN UITTREPUNTE .....	26
T.2.6	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 2.4).....	26
T.2.7	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN BYBELWETENSKAPPE .....	28
T.2.8	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN KERKPLANTING .....	29
T.2.9	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN KERKLIKE BEDIENING .....	30
T.2.10	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN PASTORALE BERADING .....	31
T.2.11	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN TEOLOGIESE GRONDSLAE .....	32
T.2.12	BACCALAUREUS THEOLOGIAE IN BYBELTALE .....	33
T.2.13	BACCALAUREUS THEOLOGIAE.....	34
<b>T.3</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM IN ANTIEKE TALE (BA (ANTIEKE TALE)) .....</b>	<b>36</b>
T.3.1	NKR-VLAK, EN AANTAL KREDIETE OP DIE VERSKILLENDE VLAKKE .....	36
T.3.2	DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR).....	36
T.3.3	ARTIKULASIE EN UITTREPUNT .....	36
T.3.4	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 2.4).....	36
T.3.5	REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM IN ANTIEKE TALE (BA (ANTIEKE TALE)).....	38
<b>T.4</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM IN PASTORALE BEGELEIDING EN PSIGOLOGIE (BA PBP).....</b>	<b>40</b>
T.4.1	NKR-VLAK, EN AANTAL KREDIETE OP DIE VERSKILLENDE VLAKKE .....	40
T.4.2	DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR).....	40
T.4.3	ARTIKULASIE EN UITTREPUNT .....	40
T.4.4	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 2.4).....	40
T.4.5	BACCALAUREUS ARTIUM IN PASTORALE BEGELEIDING EN PSIGOLOGIE .....	42
<b>T.5</b>	<b>LATYN.....</b>	<b>43</b>

T.5.1	VOORGRAADS .....	43
<b>T.6</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (HONS BA).....</b>	<b>44</b>
T.6.1	HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM THEOLOGIE (HONS BA THEOLOGIE) .....	44
T.6.2	HONNEURS BA IN ANTIEKE TALE .....	48
<b>T.7</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS THEOLOGIAE (HONS BTH).....</b>	<b>51</b>
T.7.1	NKR-VLAK EN AANTAL KREDIETE .....	51
T.7.2	DUUR VAN STUDIE .....	51
T.7.3	TOELATINGSVEREISTES .....	51
T.7.4	ARTIKULASIE-MOONTLIKHEDE .....	51
T.7.5	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 3.4).....	51
T.7.6	HONNEURS BACCALAUREUS THEOLOGIAE (HONS BTH) .....	53
<b>T.8</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER DIVINITATIS (MDIV).....</b>	<b>54</b>
T.8.1	NKR-VLAK EN AANTAL KREDIETE .....	54
T.8.2	DUUR VAN STUDIE .....	54
T.8.3	TOELATINGSVEREISTES .....	54
T.8.4	ARTIKULASIE-MOONTLIKHEDE .....	54
T.8.5	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 3.4).....	54
T.8.6	MAGISTER DIVINITATIS (MDIV) .....	56
<b>T.9</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER THEOLOGIAE (MTH) .....</b>	<b>57</b>
T.9.1	NKR-VLAK EN AANTAL KREDIETE .....	57
T.9.2	DUUR VAN STUDIE .....	57
T.9.3	TOELATINGSVEREISTES .....	57
T.9.4	TOELATINGSVEREISTES VIR GKSA-PREDIKANTE .....	57
T.9.5	ARTIKULASIE-MOONTLIKHEDE .....	58
T.9.6	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 4.4).....	58
T.9.7	MAGISTER THEOLOGIAE (MTH).....	60
<b>T.10</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (MA).....</b>	<b>62</b>

T.10.1	NKR-VLAK, EN AANTAL KREDIETE .....	62
T.10.2	DUUR VAN STUDIE .....	62
T.10.3	TOELATINGSVEREISTES .....	62
T.10.4	ARTIKULASIE-MOONTLIKHEDE .....	63
T.10.5	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 4.4).....	63
T.10.6	MAGISTER ARTIUM (MA).....	64
T.10.7	SAMESTELLING VAN KURRIKULUMS VIR GEORGE WHITEFIELD COLLEGE .....	67
<b>T.11</b>	<b>MAGISTER ARTIUM – LATYN.....</b>	<b>68</b>
T.11.1	TOELATINGSVEREISTES .....	68
T.11.2	ARTIKULASIE.....	68
T.11.3	SAMESTELLING.....	68
<b>T.12</b>	<b>REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD).....</b>	<b>69</b>
T.12.1	NKR-VLAK EN AANTAL KREDIETE .....	69
T.12.2	DUUR VAN STUDIE .....	69
T.12.3	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES .....	69
T.12.4	ARTIKULASIE-MOONTLIKHEDE .....	69
T.12.5	EKSAMINERING (SIEN A-REËL 5.4).....	69
T.12.6	PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD).....	71
T.12.7	PHILOSOPHIAE DOCTOR — LATYN.....	72
T.12.8	TOELATINGSVEREISTES .....	72
<b>T.13</b>	<b>BESTUURSEENHEDE, VAKGROEPE/NAVORSINGSUBPROGRAMME, MODULEKODES.....</b>	<b>73</b>
<b>T.14</b>	<b>MODULELYS .....</b>	<b>79</b>
<b>T.15</b>	<b>MODULE-UITKOMSTE .....</b>	<b>86</b>
T.15.1	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE .....	86
T.15.2	MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT TEOLOGIE .....	100

## **AMPSDRAERS**

### **DEKAAN (WAARNEMEND)**

Prof dr FP Viljoen (MA (Grieks), ThD (PU vir CHO))

## **DIREKTEURE VAN SKOLE**

### **SKOOL VIR ANTIEKE TAAL- EN TEKSSTUDIE**

Prof dr MR Dirksen (MA, D.Litt et Phil (RAU))

### **SKOOL VIR BYBELSE BERADING EN KERKLIKE BEDIENING**

Dr AA Genade (Hons BTh (UP), MA (Nuwe Testament) (UP), PhD (UVS))

### **SKOOL VIR PREDIKANTSOPLEIDING**

Prof dr G Breed (BA, ThB, ThM, ThD (PU vir CHO))

## **VAKGROEPVOORSITTERS**

<b>Antieke Tale:</b>	Dr A Lamprecht (BA, Hons BA, MA, BTh, PhD (UVS))
<b>Dogmatologie:</b>	Dr SP van der Walt (BCom, ThB, ThM, PhD (NWU))
<b>Ekklesiologie:</b>	Prof dr J Smit (BA, ThB, ThM, PhD (NWU))
<b>Missiologie:</b>	Dr JJ Knoetze (BA, BD, DD (UP))
<b>Nuwe Testament:</b>	Prof dr GJC Jordaan (ThB, MA, DLitt (PU vir CHO))
<b>Ou Testament:</b>	Dr PC van der Walt (BA, UDK, ThM, PhD (PU vir CHO))
<b>Praktiese Teologie:</b>	Prof dr FP Kruger (BA, ThB, ThM, ThD (PU vir CHO))

## **KWALIFIKASIEPROGRAMLEIERS VIR 2016**

BA in Antieke Tale – Dr A Lamprecht – SATT  
BA in Pastorale Begeleiding en Psigologie – Dr H Yates - SBBK  
BTh in Bybelwetenskappe – Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh in Kerkplanting – Ds LH Moretsi -- SBBK  
BTh in Kerklike Bediening – Ds LH Moretsi - - SBBK  
BTh in Pastorale Berading – Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh in Teologiese Grondslae – Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh in Bybeltale – Ds LH Moretsi - SPO  
BTh (Oop) – Dr PM Theron - SBBK  
Hons BA in Teologie – Dr PM Theron - SBBK  
Hons BA in Antieke Tale – Dr A Lamprecht - SATT  
Hons BTh – Prof dr PP Krüger - SPO  
MDiv – Dr DF Muller - SPO  
MTh – Prof dr HG Stoker - ERT  
MA – Prof dr HG Stoker – ERT  
PhD – Prof dr HG Stoker - ERT

## **KWALIFIKASIEPROGRAMLEIERS VANAF 2017**

BA in Antieke Tale – Dr A Lamprecht – SATT  
BTh – Ds LH Moretsi – SBBK  
BTh met spesialisasie in Bybeltale - Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh met spesialisasie in Bybel en Kerklike Bediening – Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh met spesialisasie in Musiekbediening – Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh met spesialisasie in Pastorale Berading en Psigologie – Vakant - SBBK  
BTh met spesialisasie in Bybelvertaling - Ds LH Moretsi - SBBK  
BTh met spesialisasie in Pentakostalistiese Teologie - Prof dr M Nel - SBBK  
(PK-anker: Ds LH Moretsi - SBBK )  
BTh met spesialisasie in Christelike Bediening – Dr JJ Knoetze – Mafikengkampus  
(PK-anker: Ds LH Moretsi - SBBK)  
BDiv – Prof dr PP Krüger – SPO  
Hons BTh – Dr PM Theron – SBBK  
Hons BA in Antieke Tale – Dr A Lamprecht – SATT  
NGDip in Christelike Teologie – Dr DF Muller - SPO  
NGDip in Christelike Teologie en Bediening – Dr PC van der Walt - - SPO  
MA – Prof dr HG Stoker – ERT  
MDiv – Vakant – ERT  
MTh – Prof dr HG Stoker – ERT  
PhD – Prof dr HG Stoker - ERT



**BESTUURDER TEOLOGIE OOPAFSTANDSLEER-PROGRAMME:** Dr PM Theron

**EENHEID VIR REFORMATORIESE TEOLOGIE - NAVORSINGSDIREKTEUR:** Prof dr FW de Wet

**BESTUURDER M- EN D-PROGRAMME:** Prof dr HG Stoker

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Mev A Moerdyk

**BESTUURDER FINANSIES EN MENSEKAPITAAL:** Mev SM Brazer

**KWALITEITSKOÖRDINEERDER:** Dr A Lamprecht

#### **NAVORSINGSUBPROGRAMLEIERS**

<b>Bibliologiese Perspektiewe:</b>	Prof dr FP Viljoen (MA (Grieks), ThD (PU vir CHO))
<b>Ekklesiologiese Perspektiewe:</b>	Prof dr J Smit (BA, ThB, MTh, PhD (NWU))
<b>Ekumeniese Perspektiewe op die ontwikkeling van die samelewing:</b>	Dr DF Muller (Hons BA, ThB, MTh, PhD (NWU))
<b>Missiologiese Perspektiewe:</b>	Dr IW Ferreira ((BA, ThM, D.Min (Westminster))
<b>Morele Ontwikkeling van die Samelewing:</b>	Prof dr AL Rheeder (BA, ThD (PU vir CHO))
<b>Prakties-Teologiese Perspektiewe:</b>	Prof dr FP Kruger (BA, ThB, ThM, ThD (PU vir CHO))

**NAVORSINGSFOKUSAREA ANTIEKE TEKSTE: TEKS, KONTEKS EN RESEPSIE – NAVORSINGSDIREKTEUR** Prof dr HF van Rooy (MA, ThB, DLitt (PU vir CHO))

#### **FAKULTEITSRAAD**

Mev SM Brazer	Prof dr G Breed
Prof dr FW de Wet	Prof dr MR Dirksen
Dr IW Ferreira	Dr AA Genade
Dr RS Hobyane	Prof dr GJC Jordaan
Prof dr PJ Jordaan	Dr JJ Knoetze
Prof dr FP Kruger	Prof dr PP Krüger
Dr A Lamprecht	Mev L Lemmer
Mev HE Lombard	Mnr CA Louw
Mev A Moerdyk	Ds LH Moretsi
Dr DF Muller	Ds TA Muswubi
Dr AL Rheeder	Prof dr J Smit
Dr JJ Steenkamp	Prof dr HG Stoker
Dr PM Theron	Dr PC van der Walt
Dr SP van der Walt	Prof dr HJM van Deventer
Prof dr FP Viljoen	Prof dr N Vorster
Prof dr C Wessels	Dr H Yates
TSV-Voorsitter	

#### **KAMPUSSENAAT: VERTEENWOORDIGERS VANAF FAKULTEIT**

Prof dr G Breed  
Prof dr FW de Wet  
Prof dr MR Dirksen  
Dr AA Genade  
Ds LH Moretsi  
Prof dr J Smit  
Prof dr FP Viljoen

#### **INSTITUSIONELE SENAAT: VERTEENWOORDIGERS VANAF FAKULTEIT**

Prof dr FP Viljoen  
Ds LH Moretsi  
Prof dr FW de Wet  
Prof dr G Breed

## T.1 FAKULTEITSREËLS

### T.1.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

### T.1.2 FAKULTEITSPESIFIEKE REËLS

Fakulteitsreëls is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls (A-reëls) van die Universiteit en moet daarmee saam gelees word. Die A-reëls verskyn op die Noordwes-Universiteit se tuisblad <http://www.nwu.ac.za> by Potchefstroom-kampus/Studentelewe/Akademies/A Reëls. Gedrukte eksemplare is by die Direkteur: Akademiese Administrasie verkrygbaar.

### T.1.3 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT


Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: <http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>

### T.1.4 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

### T.1.5 MODULES EN KREDIETE

Elke kwalifikasie bestaan uit 'n aantal modules, met kredietwaardes van 4 of veelvoude van 4. Een krediet verteenwoordig 10 gemiddelde studie-ure. Elke modulekode bestaan uit 'n vierletter vakafkorting, gevolg deur eers 3 syfers, en dan twee stelle syfers tussen hakies, bv:



Vgl ook hiervoor A-reëls.

### T.1.6 DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK (NKR) EN HOËRONDERWYSKWALIFIKASIESUBRAAMWERK (HOKSR)

Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), wat die Hoëronderwyskwalifikasie-subraamwerk (HOKSR) insluit is die volgende (die syfer tussen hakies is telkens die minimum krediete vir die betrokke kwalifikasie):

Nie-graad	Vlak	Graad	Vlak
Nasionale Seniorertifikaat	4		
Hoër Sertifikaat (120)	5	Baccalaureus (120) I	5
Gevorderde Sertifikaat (120)	6	Baccalaureus (120) II	6
Gevorderde Diploma (120)	7	Baccalaureus (120) III	7
Nagraadse Diploma (120)	8	Honneurs (120) en Baccalaureus IV (120)	8
		Magister (180)	9
		Doktor (360)	10

### T.1.7 KONTAKGELEENTHEDE

As algemene reël geld die volgende:

Vir die eerste drie semesters (twee semesters op vlak een en die eerste semester van vlak 2) is die maksimum aantal teorieperiodes vir elke 4 krediet-modules twee periodes per week. Vir 'n 16 kredietmodule is die maksimum aantal teorieperiodes vier per week.

Vir alle daaropvolgende semesters is die maksimum aantal teorieperiodes vir elke 8 kredietmodule een periode per week. Vir 16 en 24 kredietmodules is die maksimum aantal teorieperiodes respektiewelik 2 en 3 per week.

### T.1.8 MINIMUM DEELNAME VAN STUDENTE AAN KONTAKSESSIES

In die Fakulteit geld een van twee modelle, soos in die betrokke studiegids uiteengesit:

Model 1: Bywoning van geskeduleerde kontakbyeenkomste is verpligtend. Ten opsigte van kontakmodules mag studente in die reël van hoogstens een-derde van die klasbyeenkomste wat vir 'n module geskeduleer is, met geldige verskonings afwesig wees (tensy anders gereël met betrekking tot 'n bepaalde module). In alle gevalle van afwesigheid moet die student óf vóór die afwesigheid óf so spoedig moontlik daarna 'n geldige rede vir afwesigheid skriftelik aan die betrokke Skooldirekteur voorlê.

Model 2: In bepaalde modules, soos in die betrokke studiegids uiteengesit, geld klasbywoning op sigself nie as toelatingsvereiste nie. In hierdie modules word die student (kontak- en Oop Afstandsleer) ten opsigte van die werk vir elke seminaar geëvalueer op grond van die opdragte-dokument wat volgens 'n ooreengekome tyd voor die geskeduleerde seminaartyd (bv via eFundi) ingehandig moet word. Elke module-studiegids vermeld die praktiese toepassing van hierdie beginsel.

'n Deelnamebewys met die oog op eksamentoelating word alleenlik uitgereik wanneer aan bogenoemde vereistes ten opsigte van klasbywoning voldoen is.

### T.1.9 ERKENNING VAN VORIGE LEER

#### T.1.9.1

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel. Die Noordwes-Universiteit onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigleerprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element is by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit.

#### T.1.9.2

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigleerprogramme te

deurloop, of deur ervaring. Te alle tye is die vraag watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die NKR-uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, nodig is. Dit gaan dus nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek demonstreer, met inagneming van die uitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

**T.1.9.3** Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

**T.1.9.4** Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nienterugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

### **T.1.10 REGISTRASIE**

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n student deurloop het om as student van die Universiteit geregistreer te word.

'n Toegelate student registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is.

Die registrasievorm word deur die student by die registrasie-afdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

### **T.1.11 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID**

**Let asseblief daarop dat die onderstaande inligting slegs van toepassing is op voorgraadse, kontakstudente wat op Potchefstroomkampus klasse bywoon. Alle ander studente is verplig om vir AGLA/AGLE111 te registreer en die module te slaag, alvorens met AGLA/AGLE121 voortgegaan kan word.**

Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit registreer, moet hulle op 'n tyd en plek wat deur die Universiteit bepaal word, aanmeld vir 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid ten einde hulle vermoë om in 'n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat vanweë onvoldoende akademiese vaardighede die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol binne die toegelate tydperk te voltooi nie.

Studente besluit self of hulle die verpligte vaardigheidstoets in Afrikaans of in Engels wil aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van die toetsuitslag te vergewis, en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer.

Studente wat deur die toets as risikogevallige geïdentifiseer word, moet vir die module AGLA111 [Afrikaans] of AGLA111 [Engels] registreer, afhangend van die taal waarin hulle die verpligte vaardigheidstoets afgelê het. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes van kurrikulums in berekening gebring

nie, maar die krediete wat hiermee verdien word, word as addisionele krediete gereken.

Vir toelating tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 word 'n deelnamepunt van 35% vereis. Studente wat nie tot die eksamen in AGLA111 / AGLE111 toegelaat word nie of die eksamen daarin druipe en tesame daarmee twee of meer ander modules ook druipe, se studievoortsetting in die daaropvolgende semester word deur die Keurkomitee heroorweeg. AGLA111 / AGLE111 moet laastens aan die einde van die tweede historiese jaar geslaag word om die terminering van studies te voorkom.

Vir toelating tot die module AGLA121 / AGLE121, wat vir alle studente wat die eerste keer aan die Universiteit registreer, verpligtend is, moet 'n student wat verplig is om eers AGLA111 / AGLE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in AGLA111 / AGLE111 verwerf. Die modules AGLA121 / AGLE121 het 'n gewig van 12 krediete wat deel vorm van die kurrikulum waarvoor die student registreer en moet geneem word in die taal waarin die verpligte vaardigheidstoets en AGLA111 / AGLE111 geneem is.

AGLA/E121 bestaan uit drie vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid, Rekenaar- en Inligtingvaardighede en Leesvaardigheid. Daar is 'n subminimum in elk van die drie afdelings. Die student moet al drie afdelings binne die semester waarin hy/sy vir die module geregistreer het, slaag om die module te slaag.

Studente wat die module AGLA111 / AGLE111 gesak het, maar wel tot AGLA121 / AGLE121 toegelaat is en die eksamen daarin geslaag het, se uitslag van AGLA111 / AGLE111 kan deur die betrokke skooldirekteur tot 'n slaagpunt gekondoneer word.

Studente wat reeds 'n module [s] / kursus[se] soortgelyk aan AGLA111, 121 / AGLE111, 121 aan 'n ander inrigting suksesvol afgelê het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik by die Hoof van die Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk aansoek om erkenning daarvan doen.

## **T.1.12 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES TOT BEPAALDE MODULES BUITE DIE FAKULTEIT TEOLOGIE**

### **T.1.12.1 Duits**

- a) GERM111 is 'n beginnerskursus. Geen voorafkennis van Duits word vereis om vir die module te registreer nie, maar studente moet wel oor 'n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.
- b) Studente wat Duits op matriek-vlak geslaag het met 'n finale punt van 65% of hoër of wat 'n sertifikaat gelykstaande aan vlak A2 van die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale by 'n geakkrediteerde instelling verwerf het, mag nie vir GERM111/121 registreer nie.
- c) Studente wat voorafkennis van Duits het, maar wat geen amptelike bewys van vaardighede het nie, sal 'n toelatingstoets moet aflê. Die uitslae van hierdie toets sal bepaal of 'n student toegelaat sal word tot GERM111/121.

### T.1.12.2

#### Engels

- a) ENLS111 (praktysgerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiepunt van minder as 60% vir Engels as 'n tweede taal (T2) of 'n uitslag van minder as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet registreer.
- b) ENLL111 (akademies-gerigte module): Dit word sterk aanbeveel dat studente wat 'n matrikulasiepunt van meer as 60% vir Engels as 'n tweede taal (T2) of 'n uitslag van meer as 50% in Engels as eerste taal (T1) verwerf het, vir hierdie module moet registreer.
- c) ENLL 121: Ten einde vir die tweede semester van die akademies-gerigte module (ENLL121) te registreer, moet 'n student 'n punt van 60% of meer vir die ooreenstemmende module in die eerste semester (ENLL111) verwerf het. Diegene wat nie 'n punt van 60% of meer in ENLL111 verwerf het nie, sal oorgeplaas word na die praktysgerigte module vir die tweede semester (ENLS121). Die vakgroep Engels kan dit wel oorweeg om in besondere gevalle toelating na ENLL121 te oorweeg.
- d) Dit word van studente wat registreer vir die akademies-gerigte modules, verwag om aan te meld vir aanvullende leesevalueringe in die leeslaboratorium. Diegene wat nie die vereiste vaardigheidsvlak bereik nie, sal bykomende leesprogramme moet volg.

### T.1.13

#### PREDIKANTSOPLEIDING GKSA

Studente wat hulle wil bekwaam om as predikante in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroepbaar gestel te word, moet vroegtydig (vóór die aanvang van hulle studie) ook die kerklike keuringsprosedure van die Kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom volg. Die studente verwerf oor ses jaar die Kandidaatsertifikaat van die TSP. Dié keuring vind plaas gedurende September en Oktober van die jaar vóór die studie begin. (Meer inligting hieroor is verkrygbaar by die Registrateur TSP, Tel 018-285 2351, of by: Ami.duToit@nwu.ac.za)

Hierdie studente volg die voorgeskrewe akademiese program wat ooreenstem met die akademiese werk van die Kandidaatsertifikaat soos aangedui: BTh Bybeltale (Kandidaats 1-3), gevolg deur Hons BTh (Kandidaats 4), MDiv (Kandidaats 5) en Kandidaats 6 van die Kandidaatsertifikaat. Tydens die Kandidaats 6-jaar kan studente kies om ook gelyktydig vir MTh te registreer en kry dan in die MTh erkenning vir die ooreenstemmende modules in Kandidaats 6 van die Kandidaatsertifikaat; hierdie erkenning geld vir 64 van die 128 krediete van die MTh.

Die BTh Bybeltale (= Kandidaats 1-3) en die BDiv (= Kandidaats 1-4) word as kontakprogram op die Potchefstroomkampus aangebied, en as OAL-programme (onderskeidelik waarskynlik vanaf 2015 en 2018) by die Opleersentra van die NWU, soos ooreengekom met *Docenda* (vgl T.1.22 hieronder).

### T.1.14

#### PASTOOR-OPLEIDING AGS

Studente wat hulle wil bekwaam vir die geordende bediening binne die AGS, moet vóór die aanvang van hulle studie die voorgeskrewe kerklike keuringsprosedure nakom.

Voornemende studente moet via die AGS registreer vir die NWU se BTh-kwalifikasieprogram vir studente wat hulle wil aanmeld vir geordende bediening binne die AGS, wat – soos gereël deur die ooreenkoms tussen die AGS en

NWU se Fakulteit Teologie – aangebied word (vergelyk T.2.14.3 hieronder, en ook T.6.1.12 tov die Hons BA in Teologie). Hierdie kwalifikasieprogram voldoen aan die AGS se minimum akademiese vereistes.

Studente moet na die aanvanklike akademiese opleiding 'n AGS begeleide internskap (MIL) doen ter voorbereiding vir ordening. Deur middel van die internskap wat onder leiding van 'n senior AGS-pastor plaasvind word kandidate begelei in bedieningsblootstelling en -betrokkenheid. Aansoek hiervoor by die AGS moet geskied tydens die finale jaar van akademiese voorbereiding.

AGS-studente volg dus die BTh-kwalifikasieprogram soos uiteengesit in T.2.14.3 hieronder. Enkele modules in hierdie kwalifikasieprogram is volledig vanuit 'n Pinkster-perspektief geskryf; enkele ander modules bevat afdelings waar daar 'n differensiasie is tussen die Reformatoriese en Pinkster-perspektief; en by ander modules is daar geen onderskeid nie. Soos met alle NWU-kwalifikasieprogramme, voldoen ook dié BTh-kwalifikasieprogram aan die NWU se SAQA geregistreerde uitkomste vir die betrokke kwalifikasieprogram. Hierdie BTh-kwalifikasieprogram word as kontakprogram op die Potchefstroomkampus aangebied, en as OAL-program by die tersaaklike Opleersentra van die NWU, soos ooreengekom met die AGS (vgl T.1.22 hieronder).

Dié keuring om as AGS-student vir die kwalifiserende BTh-kwalifikasieprogram (vgl T.2.14.3 hieronder) te registreer, vind plaas gedurende September en Oktober van die jaar vóór die studie begin. Meer inligting hieroor is verkrygbaar by [pts@telkomsa.net](mailto:pts@telkomsa.net) of 011 830 2553. Iemand wat tot die geordende bediening in die AGS toegelaat wil word, se aansoek by die NWU vir dié BTh-kwalifikasieprogram, sal deur die AGS erken word slegs indien dit vergesel word van 'n AGS-toelatingsdokument.

## **T.1.15 PREDIKANTSOPLEIDING ANDER DENOMINASIES**

Inligting oor teologiese opleiding vir die bediening in die NG-Kerk en die NH-Kerk, en ander denominasies is verkrygbaar by die Administratiewe Bestuurder van die Fakulteit Teologie: Tel. 018 299 1847, e-pos [antoinett.moerdyk@nwu.ac.za](mailto:antoinett.moerdyk@nwu.ac.za)

## **T.1.16 PRAKTIESE WERK**

Deelname aan alle praktiese werk gekoppel aan sekere modules is verpligtend, en sodanige praktiese werk moet tot bevrediging van die Direkteur van die betrokke Skool afgehandel word voordat die betrokke graad toegeken word.

## **T.1.17 EVALUERING**

In die BTh-, BA-, Honneurs-, MDiv-, MTh-, MA- en PhD-kurrikulums (uitgesonderd skripsie, verhandeling en proefskrif) word 'n stelsel van deurlopende evaluering konsekwent gehandhaaf, waarin gebruik gemaak word van voorbeeld die volgende assesseringsmetodes: selfevalueringsoefeninge, geskrewe en mondelinge toetse en eksamens, opstelle, werkstukke, mondelinge voordragte, klasbesprekings en kritiese bespreking van boeke en artikels.

In hierdie proses word formatiewe en summatiewe evaluering geïntegreer. Vir elke eksamen word interne eksaminatore en interne moderatore deur die Fakulteitsraad Teologie van die Noordwes-Universiteit benoem. Elke afsonderlike module se evalueringsmetode word in die studiegids van die betrokke module verduidelik.

In die MTh-, MA- en PhD-kwalifikasies moet die student ook onderskeidelik 'n skripsie, verhandeling en proefskrif skryf. Die skripsie en verhandeling word deur

minstens twee interne en een eksterne eksaminatore geëksamineer, en die proefskrif deur ten minste een interne en ten minste twee eksterne eksaminatore, in alle gevalle deur die Senaat van die Universiteit benoem.

## **T.1.18 SUID-AFRIKAANSE GEBARETAAL**

### **T.1.18.1 Rasionaal vir die aanbod van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as vak binne Teologiese programme**

Voor 1994 is Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)<sup>1</sup> nie erken of aanvaar as die taal van die Dowe gemeenskap nie. Alhoewel die horende gemeenskap en die regering van daardie tyd dit nie erken het nie, het die taal bly voortbestaan. Hierdie feit het egter tot gevolg gehad dat baie min publieke domeine en algemene inligting toeganklik was vir die Dowe<sup>2</sup> gemeenskap; dit sluit kerke en geestelike byeenkomste in. Alhoewel SAGT met die aanloop van die nuwe regering mettertyd in die grondwet ingeskryf is as die taal van die Dowe gemeenskap (dit is die sg. 12de 'amptelike taal' van SA) is daar steeds slegs 'n handjievol professionele persone wat Gebaretaal magtig is. Deur die geskiedenis van die Dowe gemeenskap in Suid-Afrika was kerkbywoning en toegang tot o.a. pastorale beraders nog altyd 'n struikelblok, deels weens die verkeerde aannames rakende Gebaretaal en die horende gemeenskap se onkunde in die kultuur van hierdie minderheidstaalgroep.

Oor die jare het die Dowe gemeenskap 'n sendingveld geword, juis omdat so min kerke toeganklik is vir hulle en deels omdat die gemeenskap oor die hele land versprei is, en steeds is hierdie teologiese veld hoofsaaklik ontoeganklik vir die Dowe gemeenskap.

Dit is ons as instusionele instansie – met die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne – se verantwoordelikheid om betrokke te raak by die gemeenskap in ons omgewing. Ons het die geleentheid om professionele persone binne die teologiese veld op te lei in SAGT sodat hulle eendag in hulle professione 'n verskil sal kan maak en geestelike leiding kan gee aan Dowe persone. Ontoeganklikheid weens taal ontnem die Dowe kind en volwassene van die geleentheid en keuse om deel te raak van 'n geloofsgemeenskap. Wanneer ons hoëkwaliteit-predikante, pastorale beraders, kerkplanters ens. wat SAGT magtig is, aflewer, kan ons 'n beduidende bydrae maak tot die Dowe gemeenskap in die geheel.

### **T.1.18.2 Module-inhoude van Suid-Afrikaanse Gebaretaal**

SAGT word van 2011 af as taalvak aangebied in die Skool vir Tale as 'n 12-kredietmodule. Dit val tans binne die kurrikulums van BA Taal- en Literatuurstudie, wat die keuse van Vertaal- / Tolkstudie insluit, soos uiteengesit in die Jaarboek van Lettere en Wysbegeerte; gevind by die volgende skakel:

<http://www.puk.ac.za/opencms/export/PUK/html/jaarboek/2011/lw-2011-voorgraads-afrikaans.pdf>

Die module-inhoude word agter in die jaarboek vervat. Tans is die vak nog slegs op eerstejaarsvlak. Ons beoog egter om dit so gou moontlik ook te kan uitrol na tweede- en derdejaarsvlak.

Om Gebaretaal magtig te wees, stel elke bedienaar van die Woord (hetsy predikant/pastoor, hetsy pastorale berader) in staat om die evangelie aan die Dowe te bedien. Elke student word dus sterk aangeraai om die modules in Gebaretaal addisioneel tot sy/haar kurrikulum te neem.

---

<sup>1</sup> Die amptelike naam van die taal gebruik deur die Dowe gemeenskap van Suid-Afrika is "South African Sign Language", SASL

<sup>2</sup> Doof\* met 'n "D" verwys na lede van die Dowe gemeenskap en die Dowe kultuur wat Gebaretaal as eerste taal gebruik



## T.1.19

### OOPAFSTANDSLEER

Afstandsl eer is 'n benadering wat die beginsels van leerdergesentreerdheid, lewenslange leer, buigbare voorsiening, die verwydering van struikelblokke wat leer verhoed, leertoeganklikheid, die erkenning van vorige leer, die voorsiening van ondersteuning aan leerders, die saamstel van leerprogramme met die verwagting dat leerders suksesvol kan wees, e-leer en die instandhouding van streng gehalteversekering, kombineer.

Die Eenheid vir Oopafstandsl eer op die Potchefstroomkampus bied verskeie afstandsprogramme aan namens fakulteite by 'n aantal afstandsl eersentrums in Suidelike Afrika. Afstandsl eerprogramme word aangebied met die volgende beginsels ingedagte:

1. Studente kan enige tyd van die jaar registreer.
2. Elke program het 'n minimum en maksimum duur en die program moet binne hierdie tyd afgehandel word.
3. Kontaksessies geskied dmv interaktiewe witborde en word aangevul deur fasilitering. Die kontaksessies kan dmv 'n rekenaar gevolg word, maar 'n student moet toegang tot goeie internet hê. Die interaktiewe witbord-sessies word opgeneem en op die internet gestoor sodat studente later weer daarna kan kyk. Vanaf 2017 word BTh I & II en Hons BA in Teologie op hierdie wyse aangebied.
4. Studente word dmv van 'n Inbelsentrum, sosiale media (facebook) en kontak met dosente en fasiliteerders ondersteun.
5. Studente beskik oor 'n aantal geleenthede vir assessering (eksamens) gedurende 'n studieperiode en alle modules kan tydens elke assesseringsgeleentheid afgelê word.
6. Studente se tweede eksamengeleentheid is nie direk na die eerste poging nie. Indien hulle onsuksesvol was in die eksamen (bv. Junie), kan hulle die module tydens 'n volgende eksamengeleentheid (bv. November) skryf. 'n Geldige deelnamepunt gee 'n student toegang tot twee eksamengeleenthede. Indien 'n student na 'n tweede eksamengeleentheid nog steeds nie geslaag het nie, moet hy/sy weer registreer vir die module, weer 'n deelnamepunt verwerf en weer eksamen skryf.
7. Studente wat onafhanklik van 'n Oop-Leersentrum direk by die NWU ingeskryf is, kan hulle eksamens by verskeie nasionale en internasionale eksamensentra aflê. Studente wat dmv 'n Oop-Leersentrum geregistreer het, skryf hul eksamens by die Oop-Leersentrum se eksamensentrum.

## T.1.20

**EKSAMENSUBMINIMUM, VERHOUDING DEELNAMEPUNT :  
EKSAMENPUNT**

Modulekode	Deelnamepunt : Eksamenpunt	Deelnamepunt subminimum	Eksamen- subminimum
ANTS671(30)	NVT	NVT	50%
ANTS672(8)	70:30	40%	45%
ARAB111(12)	70:30	40%	45%
ARAB121(12)	70:30	40%	45%
ARAB211(16)	70:30	40%	45%
ARAB221(16)	70:30	40%	45%
ARAB311(32)	70:30	40%	45%
ARAB321(32)	70:30	40%	45%
BARC211(16)	70:30	40%	45%
BARC221(16)	70:30	40%	45%
BIBB111(12)	70:30	40%	45%
BYBL111(8)	50:50	40%	45%
BYBL122(20)	70:30	40%	45%
BYBL212(16)	40:60	40%	45%
BYBL222(16)	60:40	40%	45%
BYBL312(20)	50:50	40%	45%
CANT311(8)	70:30	40%	45%
DOGM211(16)	50:50	40%	45%
DOGM221(16)	50:50	40%	45%
DOGM311(16)	50:50	40%	45%
DOGM321(8)	50:50	40%	45%
DOGM611(8)	50:50	40%	45%
DOGM672(16)	50:50	40%	45%
DOGM811(8)	50:50	40%	45%
DOGM821(8)	50:50	40%	45%
EGYP111(12)	70:30	40%	45%
EGYP121(12)	70:30	40%	45%
ETIE121(8)	50:50	40%	45%
ETIE211(16)	50:50	40%	45%
ETIE311(16)	50:50	40%	45%
ETIE621(8)	50:50	40%	45%
ETIE672(16)	50:50	40%	45%
ETIE821(8)	50:50	40%	45%
ETIE875(8)	50:50	40%	45%
GRKS112(12)	70:30	40%	45%
GRKS113(16)	70:30	40%	45%
GRKS121(16)	70:30	40%	45%
GRKS122(12)	70:30	40%	45%
GRKS211(16)	70:30	40%	45%
GRKS221(16)	50:50	40%	45%
GRKS312(8)	70:30	40%	45%
GRKS313(16)	70:30	40%	45%
GRKS322(8)	70:30	40%	45%
GRKS323(16)	70:30	40%	45%
GRKS611(8)	70:30	40%	45%
GRKS621(8)	70:30	40%	45%

Modulekode	Deelnamepunt : Eksamenpunt	Deelnamepunt subminimum	Eksamen- subminimum
GRKS671(24)	70:30	40%	45%
GRKS672(24)	70:30	40%	45%
GRKS673(24)	70:30	40%	45%
GRKS674 (24)	70:30	40%	45%
GRKS675(24)	70:30	40%	45%
HERM322(12)	50:50	40%	45%
HERM875(8)	50:50	40%	45%
HOML211(8)	50:50	40%	45%
HOML611(8)	50:50	40%	45%
HOML622(8)	50:50	40%	45%
HOML821(8)	50:50	40%	45%
KATE211(16)	50:50	40%	45%
KATE212 (8)	50:50	40%	45%
KATE621(8)	50:50	40%	45%
KATE672 (Slegs SWO) (16)	50:50	40%	45%
KDGE121(8)	50:50	40%	45%
KDGE211(16)	50:50	40%	45%
KDGE221(16)	50:50	40%	45%
KDGE311(16)	50:50	40%	45%
KDGE312(12)	50:50	40%	45%
KDGE321(16)	50:50	40%	45%
KDGE611(8)	50:50	40%	45%
KDGE672(16)	50:50	40%	45%
KDGE821(8)	50:50	40%	45%
KERG611(8)	50:50	40%	45%
KERG671(16)	50:50	40%	45%
KERG672 (Slegs SWO)(16)	50:50	40%	45%
KERG811(8)	50:50	40%	45%
KERG875(8)	50:50	40%	45%
LATN112(12)	70:30	40%	45%
LATN122(12)	70:30	40%	45%
LATN211(16)	70:30	40%	45%
LATN221(24)	70:30	40%	45%
LATN311(24)	70:30	40%	45%
LATN321(32)	70:30	40%	45%
LATN671(24)	70:30	40%	45%
LATN672(24)	70:30	40%	45%
LATN673(24)	70:30	40%	45%
LATN674(24)	70:30	40%	45%
LATN675(24)	70:30	40%	45%
LATN676(24)	70:30	40%	45%
LATN677(24)	70:30	40%	45%
LING211	70:30	40%	45%
LITS221	70:30	40%	45%
LITK221(16)	50:50	40%	45%
LITK611(8)	50:50	40%	45%
LITK671(16)	50:50	40%	45%
LITK811(8)	50:50	40%	45%
MISS211(8)	50:50	40%	45%

Modulekode	Deelnamepunt : Eksamenpunt	Deelnamepunt subminimum	Eksamen- subminimum
MISS213(8)	50:50	40%	45%
MISS221(16)	50:50	40%	45%
MISS311(16)	50:50	40%	45%
MISS312(8)	50:50	40%	45%
MISS321(16)	50:50	40%	45%
MISS621(8)	50:50	40%	45%
MISS672(16)	50:50	40%	45%
MISS811(8)	50:50	40%	45%
MISS821(8)	50:50	40%	45%
MISS875(8)	50:50	40%	45%
NTES111(8)	60:40	40%	45%
NTES121(16)	70:30	40%	45%
NTES211(16)	70:30	40%	45%
NTES221(16)	50:50	40%	45%
NTES311(16)	50:50	40%	45%
NTES321(16)	50:50	40%	45%
NTES322(8)	50:50	40%	45%
NTES612(8)	70:30	40%	45%
NTES621(8)	70:30	40%	45%
NTES673(20)			
Afd A	70:30	40%	45%
Afd B	70:30	40%	45%
Afd C	70:30	40%	45%
NTES811(16)			
Afd A-C	70:30	40%	45%
Afd D-F	50:50	40%	45%
NTES821(8)	50:50	40%	45%
NTES875(16)	50:50	40%	45%
OTES111(8)	50:50	40%	45%
OTES121(16)	50:50	40%	45%
OTES211(16)	40:60	40%	45%
OTES221(16)	50:50	40%	45%
OTES311(16)	40:60	40%	45%
OTES321(16)	50:50	40%	45%
OTES322(8)	50:50	40%	45%
OTES612(8)	60:40	40%	45%
OTES621(8)	60:40	40%	45%
OTES674(20)	50:50	40%	45%
OTES811(16)	60:40	40%	45%
OTES821(8)	60:40	40%	45%
OTES875(16)	60:40	40%	45%
PAST121(8)	50:50	40%	45%
PAST211(8)	50:50	40%	45%
PAST221(16)	50:50	40%	45%
PAST311(16)	50:50	40%	45%
PAST321(16)	50:50	40%	45%
PAST322(24)	50:50	40%	45%
PAST621(8)	50:50	40%	45%

Modulekode	Deelnamepunt : Eksamenpunt	Deelnamepunt subminimum	Eksamen- subminimum
PAST671(16)	50:50	40%	45%
PAST822(8)	70:30	40%	45%
SEMT112(12)	70:30	40%	45%
SEMT113(16)	70:30	40%	45%
SEMT121(16)	70:30	40%	45%
SEMT122(12)	70:30	40%	45%
SEMT211(16)	70:30	40%	45%
SEMT221(16)	70:30	40%	45%
SEMT312(8)	70:30	40%	45%
SEMT313(16)	70:30	40%	45%
SEMT322(8)	70:30	40%	45%
SEMT323(16)	70:30	40%	45%
SEMT611(8)	70:30	40%	45%
SEMT621(8)	70:30	40%	45%
SEMT671(24)	70:30	40%	45%
SEMT672(24)	70:30	40%	45%
SEMT673(24)	70:30	40%	45%
SEMT674(24)	70:30	40%	45%
SEMT675(24)	70:30	40%	45%
SEMT676(24)	70:30	40%	45%
SEMT677(24)	70:30	40%	45%
SEMT678(24)	70:30	40%	45%
TEKS321(12)	50:50	40%	45%
TEOL111(8)	50:50	45%	45%
TNAV671(8)	50:50	40%	45%
TPTS321(12)	70:30	40%	45%

### **T.1.21 SLAAG VAN 'N KURRIKULUM**

'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit 'n kurrikulum saamgestel is, afsonderlik te slaag.

### **T.1.22 OOPLEERSENTRA VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE**

Die Fakulteit Teologie het met die teologiese opleidingsinrigtings hieronder gelys, 'n kontraktuele ooreenkoms. Volgens hierdie ooreenkoms benut die Fakulteit die fasiliteite van die betrokke inrigting as oopleersentrum, en kontrakteer die Universiteit kwalifiserende personeel van die betrokke inrigting as personeel van die NWU in, om bepaalde kwalifikasieprogramme van die Noordwes-Universiteit by die betrokke oopleersentrum te fasiliteer.

Aansoek om toelating tot 'n spesifieke kwalifikasieprogram wat die NWU by 'n oopleersentrum aanbied, geskied op die voorgeskrewe NWU-aansoekvorm via die administrasie van die betrokke oopleersentrum.

Nadat toelating verleen is, moet die student vir 'n kurrikulum registreer, soos gefasiliteer deur die administrasie van die betrokke oopleersentrum.

NWU-programme in Teologie word by die volgende oopleersentra aangebied:

Teologiese Opleidingsinrigting	Lokaleiteit	Kwalifikasieprogram
1. Aucklandpark Teologiese Seminarium	Johannesburg, Suid-Afrika	Hons BA, MA, PhD
2. Baptist Theological College	Johannesburg, Suid-Afrika	PhD
3. Evangelical Bible College, Western Cape*	Wes-Kaap	BTh, Hons BA
4. Reformed Institute for Theological Training*	Kenia	BTh
5. Taberna Dei Akademie	Polokwane, Limpopo	BTh, Hons BA
6. Africa School of Missions	Witvriër, Mpumalanga	BTh, Hons BA
7. Kaleideo Academy	Kemptonpark, Gauteng	BTh, Hons BA
8. Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika	Centurion, Gauteng	BTh, Hons BA, MA, PhD
9. St John's Anglican Seminary	Kitwe, Zambië	BTh, Hons BA
10. Instituto Biblico Portugal	Lisbon, Portugal	BTh, Hons BA
11. Docenda	Pretoria	BTh, Hons BTh
12. Lifechange Training Centre*	Suid-Lenasia, Suid-Afrika	BTh, Hons BA
13. Full Gospel Church of God College	Irene, Pretoria	BTh, Hons BA
14. Cape Town Biblical College	Parow, Suid-Afrika	BTh, Hons BA
15. Facolta Pentecostale di Scienze Religiose	Avenza, Italië	BTh, Hons BA
16. Lede in Christus	Polokwane, Suid Afrika	BTh, Hons BA

\* Ooreenkoms tans (2015-06-30) in proses van finalisering.

### T.1.23

## SAMEWERKINGSOOREENKOMSTE VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

Die Fakulteit Teologie en die teologiese opleidingsinrigtings hieronder gelys, het 'n kontraktele ooreenkoms waarvolgens sekere grade van die Noordwes-Universiteit in samewerking met hierdie inrigtings aangebied word. Aansoek om toelating tot 'n spesifieke kwalifikasieprogram wat by die betrokke samewerkingsooreenkoms-inrigting aangebied word, geskied op die voorgeskrewe NWU-aansoekvorm via die administrasie van die betrokke inrigting.

Nadat toelating verleen is, moet die student vir 'n kurrikulum registreer, soos gefasiliteer deur die administrasie van die betrokke inrigting.

NWU-programme in Teologie word by die volgende inrigtings aangebied:

Teologiese Opleidingsinrigting	Lokaleiteit	Kwalifikasieprogram
1. Bible Institute of SA	Kalkbaai, Suid-Afrika	BTh, Hons BA, MA
2. Church Ministries Institute (Cape Town)	Kaapstad, Suid-Afrika	BTh, Hons BA, MA
3. Church Ministries Institute (Gauteng)	Johannesburg, Suid-Afrika	BTh, Hons BA
4. Dumisani Theological Institute and Bible School	Kingwilliamstown, Suid-Afrika	BTh
5. George Whitefield College	Muizenberg, Suid-Afrika	Hons BA, MA
6. Greenwich School of Theology	Clarborough, Brittanje	Hons BA, Hons BTh, MA, MTh, PhD
7. Hefsiba (Igreja Reformada Mozambique)	Vila Ulônguê, Mosambiek	BTh, Hons BA
8. John Wycliffe Theological College	Randburg, Suid-Afrika	BTh, Hons BA
9. Nairobi College of Intercultural Studies and Theology	Kenia	BTh
10. Trinity College of Nigeria	Eket, Nigerië	BTh

## T.1.24

**BESTUURSEENHEDE VAN DIE FAKULTEIT**

Skool	OE-Kode	Programme
Skool vir Antieke Taal- en Tekstudie	1308	<b>Programme</b> BA in Antieke Tale Hons BA in Antieke Tale
Skool vir Predikantsopleiding	1307	<b>Programme</b> BTh in Bybellale Hons BTh MDiv
Skool vir Bybelse Berading en Kerklike Bediening	3109	<b>Programme</b> BTh BTh in Bybelwetenskappe BTh in Kerkplanting BTh in Kerklike Bediening BTh in Pastorale Berading BTh in Teologiese Grondslae BA in Pastorale Berading en Psigologie Hons BA in Teologie
Navorsingseenheid vir Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die SA samelewing	1309	<b>Programme</b> MA, MTh, PhD  <b>Navorsingssubprogramme</b> Antieke Tekste: Teks, Konteks en Resepsie Bibliologiese en Hermeneutiese Perspektiewe Ekklesiologiese Perspektiewe Ekumeniese perspektiewe op die ontwikkeling van die samelewing Missiologiese Perspektiewe Morele Ontwikkeling van die samelewing Prakties-Teologiese Perspektiewe
Navorsingsfokusarea Antieke Tekste: Teks, Konteks en Resepsie	1310	<b>Programme</b> MA, PhD  <b>Navorsingssubprogramme</b> Antieke Nabye Ooste tale, literatuur en beskawings  Antieke Grieks-Romeinse tale, literatuur en beskawings  Antieke Religieuse tekste in veranderende konteks  Bybelvertaling / Vertaling van Antieke Tekste

## T.1.25 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

### Afkortings:

V = Voltyds

D = Deeltyds

OAL = Oop Afstandseer

SWO = Samewerkingsooreenkoms

EERSTE BACCALAUREUSGRADE					
Kwalifikasie	Program	Program-kode	Kurrikulum-kode	Metode van aflewering	NKR-uittreevlak
Baccalaureus Artium (BA)	BA in Pastorale Begeleiding en Psigologie	100153	T302P	V	7
	BA in Antieke Tale	100156	T301P	V	7
Baccalaureus Theologiae (BTh)	BTh in Bybelwetenskappe	341104	T301P	V, OAL, SWO	7
	BTh in Kerkplanting	341105	T301P	V	7
	BTh in Kerklike Bediening	341106	T301P	V, OAL, SWO	7
	BTh in Pastorale Berading	341107	T301P	V	7
	BTh in Teologiese Grondslae	341108	T301P	V, OAL, SWO	7
	BTh in Bybeltale	341109	T301P	V	7
	BTh	341110	T301P	SWO	7
HONNEURSGRADE					
Kwalifikasie	Program	Program-kode	Kurrikulum-kode	Metode van aflewering	NKR-uittreevlak
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons BA)	Teologie	102145	T626P	V, D, OAL, SWO	8
Honneurs Baccalaureus Artium in Antieke Tale (Hons BA (Antieke Tale))		102184	T602P	V, D	8
Honneurs Baccalaureus Theologiae (Hons BTh)	Hons BTh	342100	T624P	V, SWO – GST	8
M-GRADE					
Kwalifikasie		Program-kode	Kurrikulum-kode	Metode van aflewering	NKR-uittreevlak
Magister Divinitatis (MDiv) 'n Professionele kwalifikasie in Christelike Teologie en Bediening		343100	T801P	V, SWO – GST	9
Magister Theologiae (MTh) 'n Gevorderde navorsingstudie in die Christelike Teologie en Bediening	Dogmatiek	344102	T802P	V, D, SWO – GST	9
	Etiiek	344103	T803P	V, D, SWO – GST	9
	Homiletiek	344104	T804P	V, D, SWO – GST	9
	Kategetiek	344105	T805P	V, D, SWO – GST	9
	Kerk- en Dogmageskiedenis	344106	T806P	V, D, SWO – GST	9
	Kerkreg	344107	T807P	V, D, SWO – GST	9
	Liturgiek	344108	T808P	V, D, SWO – GST	9
	Missiologie	344109	T809P	V, D, SWO – GST	9
	Nuwe Testament	344110	T810P	V, D, SWO – GST	9
	Ou Testament	344111	T811P	V, D, SWO – GST	9
Pastoraal	344112	T812P	V, D, SWO – GST	9	



M-GRADE					
Kwalifikasie	Program-kode	Kurrikulum-kode	Metode van aflewering	NKR uit-tree-vlak	
Magister Artium (MA) 'n Navorsingstudie in die Christelike Teologie of Grieks of Semitiese Tale of Latyn	<b>Met verhandeling (96 krediete)</b>				
	Dogmatiek	103150	T813P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Etiek	103151	T814P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Grieks	103152	T815P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Homiletiek	103153	T816P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Kategetiek	103154	T817P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Kerk- en Dogmageskiedenis	103155	T818P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Kerkreg	103156	T819P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Latyn	103163	T847P	V, D	9
	Liturgiek	103157	T820P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Missiologie	103158	T821P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Nuwe Testament	103159	T822P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Ou Testament	103160	T823P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
	Pastoraal	103161	T824P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9
Semitiese Tale	103162	T825P	V, D, SWO - GST, CMI (CT), GWC, BISA	9	
	<b>Met skripsie (48 krediete)</b>				
	Dogmatiek	103150	T826P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Etiek	103151	T827P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Grieks	103152	T833P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Homiletiek	103153	T828P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Kategetiek	103154	T834P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Kerk- en Dogmageskiedenis	103155	T829P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Kerkreg	103156	T835P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Liturgiek	103157	T836P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Missiologie	103158	T830P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Nuwe Testament	103159	T831P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Ou Testament	103160	T832P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Pastoraal	103161	T837P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
	Semitiese Tale	103162	T838P	SWO - GST, CMI (CT), BISA	9
Magister Artium (MA) 'n Navorsingstudie in die Christelike Teologie of Grieks of Semitiese Tale of Latyn	<b>Met skripsie (48 krediete) (Slegs GWC)</b>				
	Dogmatiek	103150	T839P	SWO - GWC	9
	Etiek	103151	T840P	SWO - GWC	9
	Homiletiek	103153	T841P	SWO - GWC	9
	Kerk- en Dogmageskiedenis	103155	T842P	SWO - GWC	9
	Missiologie	103158	T843P	SWO - GWC	9
	Nuwe Testament	103159	T844P	SWO - GWC	9
	Ou Testament	103160	T845P	SWO - GWC	9
	Pastoraal	103161	T846P	SWO - GWC	9

PHD-GRADE					
Kwalifikasie	Program	Program-kode	Kurrikulum-kode	Metode van aflewering	NKR-uittreevlak
Philosophiae Doctor (PhD) 'n Spesialis navorsingstudie in die Christelike Teologie of Grieks of Semitiese Tale of Latyn	Dogmatiek	307104	T901P	V, D, SWO – GST	10
	Etiiek	307105	T902P	V, D, SWO – GST	10
	Grieks	307106	T903P	V, D, SWO – GST	10
	Homiletiek	307107	T904P	V, D, SWO – GST	10
	Kategetiek	307108	T905P	V, D, SWO – GST	10
	Kerk- en Dogmageskiedenis	307109	T906P	V, D, SWO – GST	10
	Kerkreg	307110	T907P	V, D, SWO – GST	10
	Latyn	307117	T914P	V, D, SWO – GST	10
	Liturgiek	307111	T908P	V, D, SWO – GST	10
	Missiologie	307112	T909P	V, D, SWO – GST	10
	Nuwe Testament	307113	T910P	V, D, SWO – GST	10
	Ou Testament	307114	T911P	V, D, SWO – GST	10
	Pastoraal	307115	T912P	V, D, SWO – GST	10
	Semitiese Tale	307116	T913P	V, D, SWO – GST	10

## **T.2 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS THEOLOGIAE (BTH)**

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van verskeie programme deur verskillende metodes van aflewering.

Studente kan tydens hulle studie, met die skriftelike toestemming van die Skool-direkteure, van program verander of die program waarvoor hulle geregistreer is, wysig.

### **T.2.1 NKR-VLAK, EN AANTAL KREDIETE OP DIE VERSKILLENDE VLAKKE**

Die BTh-kwalifikasie se uitree NKR-vlak is 7, met 'n minimum van 360 krediete.

### **T.2.2 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)**

Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> <li>• om bewys te lewer van 'n basiese kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n beginnersvlak te kan uitdruk;</li> <li>• om analitiese, sintetiserings- en evaluasievaardighede te gebruik om basiese Franse tekste te verstaan en te skryf;</li> <li>• om basiese kennis en bewustheid van die Franse kultuur en die alledaagse Franse gemeenskap te demonstreer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: FREN211 (16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Frans Intermediêr 1		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> <li>• om bewys te lewer van 'n meer diepgaande kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees -luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n intermediêre vlak te kan uitdruk;</li> <li>• om analitiese vaardighede te gebruik om kulturele, literêre, historiese, filosofiese en alledaagse Franse kontekste te verstaan en te evalueer.</li> </ul>		

<b>Modulekode: FREN221 (16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Frans Intermediêr 2		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> <li>om bewys te lewer van 'n meer diepgaande kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n intermediêre vlak te kan uitdruk;</li> <li>om analitiese vaardighede te gebruik om kulturele, literêre, historiese, filosofiese en alledaagse Franse kontekste te verstaan en te evalueer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: FREN311 (32)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Frans gevorderd 1		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> <li>om bewys te lewer van 'n afgeronde/gesofistikeerde kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n meer gevorderde vlak te kan uitdruk;</li> <li>om analitiese vaardighede te gebruik om 'n wye verskeidenheid van ingewikkelde materiaal (beide geskrewe en oudiovisueel) rakende kultuur, literatuur, geskiedenis, filosofie en aktuele sake te verstaan en te evalueer;</li> <li>om kulturele vaardighede te demonstreeer t.o.v. 'n wye verskeidenheid van Franse kuns, literatuur, filosofie, film en ander media- of kunsvorme.</li> </ul>		
<b>Modulekode: FREN321(32)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Frans gevorderd 2		
Module-uitkomst: By voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees <ul style="list-style-type: none"> <li>om bewys te lewer van 'n afgeronde/gesofistikeerde kennis van die Franse taal wat betref die verstaan (lees en luister), praat en skryf daarvan om hulself sodoende op 'n meer gevorderde vlak te kan uitdruk;</li> <li>om analitiese vaardighede te gebruik om 'n wye verskeidenheid van ingewikkelde materiaal (beide geskrewe en oudiovisueel) rakende kultuur, literatuur, geskiedenis, filosofie en aktuele sake te verstaan en te evalueer;</li> <li>om effektiewe vertalingsvaardighede toe te pas in die vertaling van 'n wye verskeidenheid ingewikkelde Franse tekste;</li> <li>om kulturele vaardighede te demonstreeer t.o.v. 'n wye verskeidenheid van Franse kuns, literatuur, filosofie, film en ander media- of kunsvorme.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM111(12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Duits elementêr 1		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>die basiese uitspraakreëls van Duits te verstaan;</li> <li>die basiese grammatikareëls van Duits te verstaan en te kan toepas;</li> <li>oor 'n woordeskat op elementêre vlak te beskik;</li> <li>basiese uitdrukkings op elementêre vlak te verstaan;</li> <li>analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan aanwend om eenvoudige tekste te kan lees en skryf;</li> <li>'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hulle leer te besin.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM121(12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Duits elementêr 2		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>vertroud te wees met die basiese uitspraakreëls in Duits;</li> <li>die basiese grammatikareëls in Duits te ken en kan toepas;</li> <li>oor 'n basiese woordeskat te beskik;</li> <li>basiese uitdrukkings in Duits te verstaan;</li> <li>'n basiese gesprek in Duits op elementêre vlak te kan voer;</li> <li>analitiese, sintetiese en evalueringsvaardighede te kan toepas om eenvoudige en relevante tekste</li> </ul>		

<p>te kan lees, skryf en vertaal;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n basiese kennis van die lewe en kultuur in Duitssprekende lande in vergelyking met Suid-Afrika te hê;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hulle leer te besin.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM211(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Duits intermediêr 1		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n intermediêre vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• met medestudente klaskamersituasies effektief te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n basiese begrip van grammatiese en sinskonstruksies te hê;</li> <li>• literêre sowel as nie-literêre tekste in Duits op 'n intermediêre vlak te kan lees en verstaan;</li> <li>• algemene tekste sowel as 'n opstel oor literêre werke te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse konteks met situasies in Duitssprekende lande met mekaar te vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM211(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Duits intermediêr 2		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n intermediêre vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• met medestudente in klaskamersituasies effektief te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n basiese begrip van grammatiese en sinskonstruksies te hê en toe te pas;</li> <li>• literêre sowel as nie-literêre tekste in Duits op 'n intermediêre vlak te kan lees en verstaan;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor literêre werke te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse konteks met situasies in Duitssprekende lande met mekaar te vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM311(32)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Duits gevorderd 1		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n gevorderde vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• effektief met medestudente in klaskamersituasies te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n toereikende vermoë te hê om grammatiese en sinstrukture te kan toepas;</li> <li>• nie-literêre sowel as literêre tekste in Duits op 'n gevorderde vlak te kan lees;</li> <li>• Duitse tekste op 'n gevorderde vlak te kan interpreteer;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor 'n literêre werk te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse kulturele en historiese konteks met situasies in Duitssprekende lande te kan vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		
<b>Modulekode: GERM321(32)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Duits gevorderd 2		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duits op 'n gevorderde vlak te kan verstaan en praat;</li> <li>• effektief met medestudente in klaskamersituasies te kan kommunikeer;</li> <li>• 'n goeie vermoë te hê om grammatiese en sinstrukture te kan toepas;</li> <li>• nie-literêre sowel as literêre tekste in Duits op 'n gevorderde vlak te kan lees;</li> <li>• Duitse tekste op 'n gevorderde vlak te kan interpreteer;</li> <li>• algemene tekste sowel as opstelle oor 'n literêre werk te kan skryf;</li> <li>• verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse kulturele en historiese konteks met situasies in Duitssprekende lande te kan vergelyk;</li> <li>• inligtingstegnologiese vaardighede in 'n aanvaarbare etiese raamwerk te kan aanwend om handeling te kan uitvoer en individueel of in groepe oor hul leer te besin.</li> </ul>		

<b>Modulekode: LPRA111(12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot die taalpraktyk</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling te demonstreer;</li> <li>begrip van die rol van vertaling as dissipline en profesie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer;</li> <li>belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaalprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>inligting oor vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot vertaalprobleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA121(12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Taalpraktyk en teks</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n basiese begrip van kernterminologie, -konsepte, -beginsels en basiese teorieë van vertaling en redigering te demonstreer;</li> <li>begrip van die rol van vertaling as dissipline en profesie binne die Suid-Afrikaanse en wêreldwye gemeenskap te demonstreer;</li> <li>belangrike beginsels, prosedures en tegnieke van vertaling toe te pas deur aanvaarbare vertalings en redigerings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>goed gedefinieerde bekende en onbekende vertaal- en redigeerprobleme binne 'n bekende konteks op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>inligting oor vertaalteorie en -praktyk en redigeerteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>teoretiese en praktiese kwessies met betrekking tot linguistiese vertaalteorieë en -probleme effektief, samehangend en toepaslik te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA211(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk I</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n deeglike begrip van kernterminologie, -konsepte en -beginsels in linguistiese vertaalteorieë te demonstreer;</li> <li>linguistiese beginsels en vertaalteorieë, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas om aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>goed gedefinieerde vertaalprobleme op te los deur toepaslike hulpmiddels vir taalpraktyk te gebruik, en om die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>inligting oor linguistiese vertaalteorie en vertaalpraktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot vertaalteorieë en -probleme doeltreffend te kommunikeer deur die toepaslike gebruik van tegnologie.</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA222(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Inleiding tot tolking</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om kennis van en/of vaardigheid in die gebruik van die volgende te demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>tolkterminologie;</li> <li>tolk- en vertaalkommunikasiemodelle;</li> <li>die ooreenkomste en verskille tussen vertaling en tolking;</li> <li>Gile se opeenvolgingsmodel van vertaling;</li> <li>modusse en tipes (met die klem op onderwystolking);</li> <li>die profiel van 'n professionele tolk;</li> <li>faktore wat bydra daartoe om simultane tolking te bemoedig;</li> <li>tolketiek; en</li> <li>tolktoerusting.</li> </ul>		



<b>Modulekode: LPRA311(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Teoretiese perspektiewe op vertaalpraktyk 2</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat wees om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gesofistikeerde en sistematiese begrip van kernterminologie, -konsepte en –beginsels van kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë te demonstree;</li> <li>• kulturele, ideologiese en filosofiese beginsels en teorieë van vertaling, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van geselekteerde tekste te lewer;</li> <li>• onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme op te los deur geskikte hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning aan te wend, en om die sukses van oplossings te assesseer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorie en -praktyk te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings met betrekking tot kulturele, ideologiese en filosofiese vertaalteorieë en -probleme effektief en genuanseerd, en deur die toepaslike gebruik van tegnologie, te kommunikeer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA312(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gevorderde tegnologiese toepassings I: Masjienvertaling en vertaalgeheue</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en -konsepte in masjienvertaling en vertaalgeheue;</li> <li>• begrip te toon ten opsigte van die rol van rekenaar-geasseseerde vertaling (ook bekend as CAT) in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;</li> <li>• CAT-hulpmiddels, sowel as algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures, te selekteer en toe te pas ten einde aanvaarbare vertalings van gespesialiseerde tekste te produseer;</li> <li>• oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van CAT- en taalpraktyk-hulpmiddels, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting by wyse van CAT te versamel, analiseer en sintetiseer; en</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op CAT doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.</li> </ul>		
<b>Modulekode: LPRA323(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Internskap: Tolking of Vertaling</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p><u>Vertaalopsie:</u></p> <p>By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en –beginsels van vertaling;</li> <li>• selekteer en pas vertaalhulpmiddelle en –tegnieke toe deur professionele en aanvaarbare produkte vir die praktyk te lewer;</li> <li>• los onbekende konkrete asook abstrakte vertaalprobleme op deur die geskikte hulpbronne vir taalpraktyk, asook gesofistikeerde teoretiese besinning te gebruik, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• versamel, analiseer en sintetiseer kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling; en</li> <li>• kommunikeer teoretiese en praktiese konsepte ten opsigte van die vertaalindustrie op 'n effektiewe en belese wyse deur middel van die geskikte tegnologie.</li> </ul> <p><u>Tolkopsie:</u></p> <p>By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n doeltelke gedurende toltake te produseer wat die bronteks se bedoeling effektief en akkuraat oordrag deur gebruik van woordeskat, terminologie en register wat geskik is vir die onderwerp en wat ook grammatikaal en idiomaties korrek en eg is;</li> <li>• demonstree korrekte toltategie tydens toltake ten opsigte van vloeibaarheid, gepaste stemgehalte vir die toerusting wat gebruik word en korrekte gebruik van toerusting; en</li> <li>• demonstree die korrekte toepassing van etiese beginsels van tolking gedurende toltake</li> </ul>		

<b>Modulekode: LPRA324(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Gevorderde teorie en navorsing: Tolking of masjienvertaling</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>By afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• gesofistikeerde en sistematiese begrip te toon van die sleutel terme, -begrippe en –beginsels in die skep van masjienvertaling;</li> <li>• begrip te toon ten opsigte van die rol van masjienvertaling in die Suid-Afrikaanse en die wêreldgemeenskap;</li> <li>• vertaalhulpmiddels en tegnieke, asook algemene vertaalprosesse, -tegnieke en -prosedures te selekteer en toe te pas ten einde professionele en aanvaarbare audiovisuele materiaal met onderskrifte te skep en basiese tolking te doen;</li> <li>• oplossings te vind vir konkrete en abstrakte vertaalprobleme deur die gebruik van geskikte apparatuur, sagteware en hulpmiddels vir taalpraktyk, tesame met gesofistikeerde teoretiese besinning, en om die geslaagdheid van hierdie oplossings te evalueer;</li> <li>• kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor vertaling te versamel, analiseer en sintetiseer;</li> <li>• teoretiese en praktiese oorwegings wat betrekking het op masjienvertaling doeltreffend en belese oor te dra, en deur die tegnologie toepaslik te gebruik.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PHIL211</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Werklikheid en kennis</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Ná afloop van hierdie module sal 'n student 'n deeglike kennisbasis hê van</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n filosofiese leer oor die aard en kennis van die werklikheid, waarin die verhouding tussen wêreldbeskouing en religie veral aandag kry, en waar die konsekwensies van 'n breë kyk na die werklikheid vir aspekte van die werklikheid soos wetenskap en samelewing, duidelik word.</li> </ul> <p>'n Student sal verder in staat wees om toepaslike filosofiese konsepte en metodes te gebruik ten einde</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• minstens vanuit 'n gevestigde wêreldbeskoulike posisie (bv. die Christelike) 'n eie mening oor die aard van die werklikheid te vorm;</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak;</li> <li>• en op tipies filosofiese wyse verslag te doen oor haar/sy nuwe kennis en standpunte.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PHIL221(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Geskiedenis van die Filosofie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Ná afloop van hierdie module sal 'n student in staat wees om 'n deeglike kennisbasis te demonstreer van idees, temas en denkers in die geskiedenis van die Westerse denke in die vorm van</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• óf 'n bespreking van temas in die ideëgeskiedenis (bv. rasionaliteit, natuur/kultuur, orde, kompetisie/konflik ens.);</li> <li>• óf 'n bespreking van tydperke (bv. die antieke Grieke, Middeleeue ens.), prominente figure (bv. Plato, Kant ens.) en temas (bv. die metafisika, etiek ens.) in die geskiedenis van die filosofie.</li> </ul> <p>'n Student sal verder in staat wees om toepaslike vorme van filosofiese ondersoek en beredenering te gebruik ten einde</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n samehangende eie siening te vorm vanuit 'n gevestigde wêreldbeskouing (bv. die Christelike perspektief) oor die idees en temas in die geskiedenis van die filosofie wat hy/sy bestudeer het;</li> <li>• toepassings van die kennisbasis en eie siening te maak;</li> <li>• en op tipies filosofiese wyse verslag te doen van haar/sy kennis, standpunte en toepassings.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC111(12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot Psigologie</b>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese, kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreer;</li> <li>• 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreer;</li> <li>• 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstreer, deur middel van 'n refleksiwede dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaat-voordrag.</li> </ul>		

<b>Modulekode: PSYC121(12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Sosiale en Gemeenskapspsigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskapspsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreeer sodat jy dit kan toepas op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelinge-haat, ensameer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;</li> <li>• inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreeer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskapspsigologie op individuele of in groepverband;</li> <li>• in staat te wees om gevallestudies, voorbeelde of probleem-situasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate;</li> <li>• in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreeer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC211(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Ontwikkelingspsigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;</li> <li>• 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kerminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstreeer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrek te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;</li> <li>• inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos;</li> <li>• 'n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oor-populasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het te verkry.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC212(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Persoonlikheidspsigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreeer van verskillende, meta-teoretiese werlikheids- en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en</li> <li>• denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en eko-sistemiese ;</li> <li>• in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels;</li> <li>• goedge-definieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/ logiese en betroubare verslag.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC221(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Positiewe Psigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n gevestigde kennisbasis van</li> <li>• die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid, Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreeer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;</li> <li>• die vermoë demonstreeer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike</li> </ul>		

<p>prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigfortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigfortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiwiteit vir onder andere die kollektiwistiese en individualistiese waardesisteme.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC311(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Psigopatologie</b></p> <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese versteurings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreeer b) en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallestudies c) begrip van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorg;</li> <li>inligtingsvereniging- en verwerkingsvaardighede te demonstreeer vir die afhandeling van skriftelike opdragte;</li> <li>in staat te wees om gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;</li> <li>in alle vorme van kommunikasie en interaksie gevestigde waardesisteme en etiese gedragskode te kan demonstreeer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC312(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Navorsing en Psigometrie</b></p> <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering;</li> <li>die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evalueer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word;</li> <li>die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evalueer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met in agneming van die etiese aspekte;</li> <li>die beheer en die gebruik van assesseringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme;</li> <li>'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsingsproses te demonstreeer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid;</li> <li>inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte;</li> <li>navorsingsartikels krities te analiseer en evalueer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.</li> </ul>		
<b>Modulekode: PSYC321(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<p><b>Titel: Basiese hulpverlening en etiese gedrag</b></p> <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort jy:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese proses, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs- en post-traumatisiese stresvoorigting) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreeer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleem-situasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallestudies;</li> <li>in staat te wees om gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;</li> <li>in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteme en etiese gedragskode te kan demonstreeer met 'n bewustheid van menseregte problematiek.</li> </ul>		

<b>Modulekode: PSYC322(16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
<b>Titel: Toegepaste Psigologie</b>		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort jy: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis-basis van menslike funksionering op alle vlakke van menslike ontwikkeling in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreeer en dit te kan fasiliteer op 'n geïntegreerde vlak in praktyk of gesimuleerde situasies;</li> <li>• 'n kritiese begrip van perspektiewe op menslike funksionering vanuit 'n eie, koherente wêreldbeskouing te kan demonstreeer;</li> <li>• effektiewe seleksie en toepassingsprosedures vir die insameling van kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting te kan demonstreeer en dit te kan integreer om so jou vermoë te kan illustreer om onbekende, konkrete en/of abstrakte probleme op te los deur gebruik te maak van getuienis-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;</li> <li>• 'n vaste waarde-sisteem en etiese optrede kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie en interaksie;</li> <li>• die vermoë toon om die voorgeskrewe formaat, wat toepaslik is in die Psigologie, te kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie.</li> </ul>		
<b>Modulekode: SASL111</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NRF-vlak: 5</b>
<b>Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Kultuurstudies 1</b>		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees: <ul style="list-style-type: none"> <li>• om 'n basiese kennis te kan weergee van Suid-Afrikaanse Gebaretaal se woordeskat, insluitende vingerspelling</li> <li>• om die korrekte Suid-Afrikaanse Gebaretaal-sinonstruksies te gebruik met betrekking tot basiese gespreksvoering</li> <li>• om met Dowe persone om te gaan vanuit die raamwerk van 'n sosiaal-kulturele model van gestremdheid, soos aanbeveel deur die Regering se beleid op mense met gestremdhede</li> </ul>		
<b>Modulekode: SASL121</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NRF-vlak: 5</b>
<b>Titel: Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Kultuurstudies 2</b>		
Module-uitkomst: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees: <ul style="list-style-type: none"> <li>• om 'n basiese gesprek met 'n Dowe persoon te kan voer insluitende gepaste gesprek- strategieë te gebruik</li> <li>• om begrip te toon van basiese kultuurreëls en naamgewing in die Dowe gemeenskap</li> <li>• om 'n basiese begrip te hê van die verskille en ooreenkomste tussen gebaretale en gesproke tale.</li> </ul>		
<b>Modulekode: WVCS221 (12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Verstaan die kulturele wêreld</b>		
Module-uitkomst: By die voltooiing van hierdie module behoort student <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n fundamentele kennisbasis te toon van 'n seleksie van wêreldbeskouings en ideologieë, en hul vermoë tot kritiek en verstaan te demonstreeer deur die aard en funksie, asook verskillende manifesteringe van hierdie wêreldbeskouings en ideologieë te vergelyk;</li> <li>• die vermoë te toon om die interverwantskap van verskynsels in natuurlike en sosiale sisteme te verstaan, en vanuit hierdie basispunt werklike lewensprobleme of gevallestudies te analiseer en evalueer wat verband hou met die kernvraagstukke van ons tyd, soos armoede, konstante verandering, menseregte, MIV-VIGS, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ens.;</li> <li>• die vermoë te toon om hul persoonlike wêreldbeskouing te artikuleer en te gebruik as 'n raamwerk van waaruit haalbare oplossings vir die kernvraagstukke van ons tyd op 'n tipies akademiese wyse argumenteer en gekommunikeer kan word.</li> </ul>		

## T.15.2 MODULES AANGEBIED DEUR FAKULTEIT TEOLOGIE

<b>Modulekode: ANTS671 (30)</b>	<b>Semester 1-2</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Antieke Tale Skripsie		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van navorsingsmetodologie te openbaar met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband;</li> <li>• temas wat relevant is tot navorsing in 'n antieke taal te identifiseer ter ondersteuning van die sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë;</li> <li>• probleme te identifiseer relevant aan navorsing in 'n antieke taal;</li> <li>• konseptuele presiesheid te demonstreer ten opsigte van navorsing in 'n antieke taal, deur gebruik te maak van 'n proses van dataversameling, organisering, kritiese analise en interpretasie;</li> <li>• 'n bewese navorsingsvaardigheid in een van die Antieke Tale te demonstreer wat breedweg 'n probleemstelling, hipotese, metodiek, databespreking, gevolgtrekking en bronnelys insluit;</li> <li>• met 'n praktiese toepassing op 'n geselekteerde onderwerp uit een van die Antieke Tale die bewese navorsingsvaardigheid te toon.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ANTS672 (8)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 8</b>
Titel: Teksmetodologie vir Antieke Tale		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis van die tersaaklike ontwikkelings binne die Algemene Taal- en Literatuurwetenskap te openbaar met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband;</li> <li>• temas wat relevant is tot ontwikkelings binne die Algemene Taalwetenskap en Literatuurwetenskap in relasie tot Antieke teksbestudering te identifiseer ter ondersteuning van die sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë;</li> <li>• probleme te identifiseer relevant aan die ontwikkelings binne die Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in relasie tot Antieke teksbestudering;</li> <li>• konseptuele presiesheid te demonstreer ten opsigte van die ontwikkelings binne die Algemene Taal- en Literatuurwetenskap in relasie tot Antieke teksbestudering, deur gebruik te maak van 'n proses van dataversameling, organisering, kritiese analise en interpretasie;</li> <li>• effektief 'n standpunt te verdedig of 'n hipotese aan te bied in die vorm van 'n beredeneerde, logiese samehangende betoog in klasverband, deur gebruik te maak van individuele of groeppmetodes.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ARAB111 (12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Arabies I		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis en vaardigheid in die onderbou van die Arabiese taalstruktuur kan openbaar met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van <ul style="list-style-type: none"> <li>➢ fonetiek: die vorming en uitspraak van die Arabiese spraakklanke;</li> <li>➢ fonologie: die verband tussen die klanksisteem van Arabies en die linguïstiese eenhede van Arabies;</li> <li>➢ morfologie: die kombinasie van diskrete betekenisvolle eenhede in woorde /woordstruktuur van die (reëlmatige) werkwoord, naamwoord, byvoeglike naamwoord, voorsetsel, voegwoord, bywoord, en bestaanswoord;</li> <li>➢ sintaksis: die manier waarop die woorde gekombineer word om frases en sinne in Arabies te vorm; en</li> <li>➢ semantiek: die tematiese rolle en minimum bydrae wat die woord of konstruksie lewer om tot die verstaan van die konteks waarbinne die Arabiese tekste figureer, te kom.</li> </ul> </li> <li>• enkelvoudige naamwoordelike sinne en enkelvoudige verbale stelsinne kan identifiseer, vertaal en interpreteer ter ondersteuning van die sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë.</li> <li>• woorddefinisies in die lig van die sosio-kulturele konteks van die Arabiese lande kontekstueel kan omskryf.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ARAB121 (12)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
Titel: Arabies II		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis in die onderbou van Arabiese grammatika te toon met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van die volgende linguïstiese vlakke</li> </ul>		

<p>van taalbestudering;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ morfologie: die kombinasie van diskrete betekenisvolle eenhede in woorde /woordstruktuur van verskillende werkwoordsvorme, naamwoord, byvoeglike naamwoord, voorsetsel, voegwoord en bywoord;</li> <li>➤ sintaksis: die manier waarop die woorde gekombineer word om frases en sinne in Arabiese te vorm;</li> <li>➤ semantiek: die tematiese rolle en minimum bydrae wat die woord of konstruksie lewer om tot die verstaan van die konteks waarbinne die Arabiese tekste figureer, te kom;</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die bestaande kennis te analiseer, te sintetiseer en te evalueer deur enkelvoudige verbale stelsinne, vraagsinne en bevelsinne, uitgebreide sinne sowel as neweskkikkende- en ondergeskikte komplekse sinne op voorgeskrewe formaat mondelings en skriftelik te ontleed en vertaal;</li> <li>• eenvoudige koherente teksgedeeltes uit die Arabiese tekste wat as 'n goed-gedefinieerde probleem gestel word, aan die hand van reëlmatige en onreëlmatige vervoegingsvorme op te los; asook woorddefinisies binne die bekende sosio-kulturele konteks van die Arabiese lande kontekstueel te omskryf.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ARAB211 (16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Arabies III		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis in die onderbou van Arabiese grammatika te toon met 'n uitgebreide begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van die volgende linguïstiese vlakke van taalbestudering; <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ semantiek: die basiese beginsels van die semantiek van Arabies te beskryf, en toe te pas in die definiering van die betekenis waarvoor 'n woord in 'n spesifieke konteks in die Arabiese tekste gebruik word, onder andere deur middel van geldige en ingeligte gebruik van woordeboeke en lexica;</li> <li>➤ pragmatiek: metodologies aantoon in watter mate die Ou Nabye Oosterse konteks die interpretasie van die woordbetekenis beïnvloed het;</li> </ul> </li> <li>• hierdie kennis effektief te selekteer en toe te pas deur die koherente teksgedeelte uit 'n selekse Arabiese tekste binne 'n gepaste formaat morfologies, sintakties en semanties te ontleed en vertaal, kontekstueel te interpreteer en probleme krities te analiseer en sintetiseer, relevant aan die tradisionele interpretasiemodelle.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ARAB221 (16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
Titel: Arabies IV		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n grondige kennis in die onderbou van Arabiese grammatika te toon met 'n uitgebreide begrip van die betekenis-makende prosesse in die Arabiese konseptuele taalsisteem;</li> <li>• hierdie kennis effektief te selekteer en toe te pas deur die koherente teksgedeelte van geselekteerde Arabiese tekste binne 'n gepaste formaat morfologies, sintakties en semanties te ontleed, vertaal, kontekstueel interpreteer, analiseer en sintetiseer.</li> </ul>		
<b>Modulekode: ARAB311 (32)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Arabies V		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis in die onderbou van die Arabiese grammatika te toon met 'n samehangende begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van die linguïstiese sowel as die literêre vlakke van taalbestudering;</li> <li>• hierdie kennis effektief te selekteer en toepas deur die retoriese organisasie van die tekstipes in Arabiese tekste effektief te identifiseer en toepas deur dit op voorgeskrewe formate aan te bied.</li> </ul>		
<b>Modulekode ARAB321 (32)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 7</b>
Titel: Arabies VI		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n afgeronde en sistematiese kennis in die onderbou van die Arabiese grammatika te toon met 'n samehangende begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ten opsigte van die linguïstiese sowel as die literêre vlakke van taalbestudering;</li> <li>• hierdie kennis effektief te selekteer en toe te pas deur 'n vergelykende literatuurstudie van Ou Nabye Oosterse tekste met die tekstipes van die Koran te maak en toe te pas deur dit op voorgeskrewe formate aan te bied.</li> </ul>		

<b>Modulekode: BARC211 (16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Bybelse Argeologie I</b> Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Oorsigtelike kennis te hê van die veld van Bybelse argeologie;</li> <li>• 'n Spesifieke kennis te hê van die argeologiese tydperke van die Bybelse tyd en die proses van die opgrawe van 'n <i>Tel</i>;</li> <li>• Die probleme en interpretasie aangaande die materiële nalatenskap te verstaan en kennis dra van die moderne teorieë hieroor.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BARC221 (16)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Bybelse Argeologie II</b> Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n oorsigtelike kennis te hê van vertalings van Bybelse tekste wat verband hou met argeologiese tekste uit die ou Nabye-Ooste;</li> <li>• 'n spesifieke kennis te hê van die waarde van die sosio-kulturele milieu en materiële nalatenskap van die mense van die Bybel se tye aan die hand van bepaalde artefakte wat opgegrawe is;</li> <li>• die verhouding tussen Bybelse en buite-Bybelse weergawes van gedeelde kultuur/godsdiens goedere uit die ou Nabye-Ooste te verstaan en te verstaan;</li> <li>• Die probleme aangaande die historiese waarde van argeologie te identifiseer en kennis dra van die moderne teorieë hieroor.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BIBB111 (12)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Bybelse Agtergrondstudie</b> Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, behoort die leerder in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n oorsigtelike kennis te kan demonstreer aangaande die aardrykskundige en staatkundige situering van die Antieke Nabye Ooste en inwonende volke;</li> <li>• 'n spesifieke kennis te kan demonstreer waar en wie Israel en haar buurvolke was;</li> <li>• die geskiedenis van Israel en haar bure te kan verstaan en evalueer;</li> <li>• 'n basiese navorsingsvaardigheid kan vertoon tov die evaluering van Bybelse tekste en die passing van Israel se geskiedenis.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BYBL111(8)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Inleiding tot die Bybel en die Bybelse wêreld</b> Module-uitkomst: Die module bestaan uit twee afdelings <b>Afdeling 1 (4): Inleiding tot die Ou Testament en die Ou-Testamentiese wêreld</b> Aan die einde van hierdie afdeling van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en ingeligte begrip te toon ten opsigte van die geskiedenis van Israel soos beskryf in die Ou Testament, en literatuursoorte van die Ou Testament, en die huidige vorm en samestelling van die Ou Testament as versameling boeke;</li> <li>• oorsigtelike kennis te toon ten opsigte van die kultuurhistoriese agtergrond van die Ou Testament;</li> <li>• ingeligte begrip te toon en 'n eie standpunt te omskryf en verdedig met betrekking tot die belangrikheid, ontstaan, aard, gesag en oordrag van die Ou-Testamentiese kanonieke boeke;</li> <li>• eie vooronderstellings ten opsigte van die aard van die Ou-Testamentiese boeke te verduidelik en verdedig;</li> <li>• bogenoemde kennis en inligting mondeling en skriftelik aan te bied en ten opsigte van geselekteerde onderwerpe inligting in te samel, sintetiseer en evalueer.</li> </ul> <b>Afdeling 2 (4): Inleiding tot die Nuwe Testament en die Nuwe-Testamentiese wêreld</b> Aan die einde van hierdie afdeling van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en ingeligte begrip te toon van die plek, unieke aard en gesag, ontstaan, oorlewering, samestelling, historiese gebeure, geografie en kulturele en sosiale konteks van die Nuwe Testament;</li> <li>• genoemde kennis te analiseer, sintetiseer, interpreteer, en toepas binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk;</li> <li>• goedgedefinieerde probleme in bekende konteks op te los.</li> </ul>		



<b>Modulekode: BYBL122(20)</b>	<b>Semester 2</b>	<b>NKR-vlak: 5</b>
<b>Titel: Nuwe Testament: Inleiding tot interpretasie; Die Evangelies in Pastorale Berading</b>		
Module-uitkomst: Aan die einde van hierdie module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> <li>• basiese kennis en ingeligte begrip te toon van beginsels en metodes vir die interpretasie van die Sinoptiese Evangelies, die Etiese en Pastorale toepassing daarvan, die Openbaringsgeskiedenis van die Evangelies, die Kanoniek van die Sinoptiese Evangelies en vraagstukke met betrekking tot die Sinoptiese Evangelies;</li> <li>• genoemde kennis te analiseer, sintetiseer, interpreteer, en toe te pas binne 'n aanvaarbare etiese raamwerk;</li> <li>• goedgedefinieerde probleme in bekende konteks op te los.</li> </ul>		
<b>Modulekode: BYBL212(16)</b>	<b>Semester 1</b>	<b>NKR-vlak: 6</b>
<b>Titel: Ou Testament: Inleiding tot interpretasie van die Ou testament; Vertel- en wetstekste, Pentateug</b>		
